

- (1) Alle graad 8 meisies moet 'n vraelys invul aangaande hul deelname aan die volgende sporte: Atletiek (A) Netbal (N) Sagtebal (S)

Die volgende inligting is uit die vraelyste versamel:


- ⇒ 4 meisies neem deel aan atletiek en speel netbal, maar nie sagtebal nie.
- ⇒ 7 meisies neem deel aan atletiek en speel sagtebal, maar nie netbal nie.
- ⇒ 10 meisies speel netbal en sagtebal, maar neem nie deel aan atletiek nie.
- ⇒ 24 meisies speel netbal, maar nie sagtebal nie en neem ook nie deel aan atletiek nie.
- ⇒ Daar is 40 meisies wat aan atletiek deelneem.
- ⇒ 53 meisies speel sagtebal en 56 meisies speel netbal.
- ⇒ Daar is 8 meisies wat nie aan een van die drie sporte deelneem nie.

- (a) Teken 'n Venn-diagram om die inligting voor te stel.
- (b) Hoeveel van die graad 8 meisies neem deel aan al drie die sportsoorte?
- (c) Bereken hoeveel graad 8 meisies daar is.
- (d) Indien een graad 8 meisie ewekansig gekies word, wat is die kans dat sodanige meisie aan al drie die sportsoorte deelneem?

- (2) Die onderstaande Venn-diagram is 'n opsomming van die graad 11 leerders wat Rekeningkunde (R), Bestuurswetenskap (B) of Ekonomie (E) as vakke neem. Bestudeer die onderstaande Venn-diagram en beantwoord die volgende vrae:

- (a) Bereken x .
- (b) Hoeveel leerders neem Rekeningkunde as vak?
- (c) Indien een leerder ewekansig gekies word uit hierdie groep, wat is die waarskynlikheid dat sodanige leerder Rekeningkunde en Ekonomie as vakke neem, maar nie Bestuurswetenskap nie?

S(120)



(3) $S = \{1; 2; 3; 4; 5; 6; 7; 8; 9; 10; 11; 12\}$

A en B is deelversamelings van S met A alle ewe getalle en B alle priemgetalle.

(a) Tabuleer die elemente van A en B.

(b) Stel steekproefruimte (S) met A en B as deelversamelings voor as 'n Venn-diagram.

(c) Skryf die volgende neer:

(i) A'

(ii) $A \cap B$

(d) Bepaal: $W(A \cup B)$

(4) Vir twee gebeurtenisse X en Y word gegee dat:

* $W(X) = 0,25$

* $W(Y) = 0,43$

* $W(X \cap Y) = 0,1$

(a) Stel bogenoemde gegewens voor as 'n Venn-Diagram.

(b) Gebruik die Venn-diagram en bereken:

(i) $W(X \cup Y)$

(ii) $W(X')$